Die betekenis van Advent (2)

Datum: 10 Desember 2000

Teks: Lukas 3:1-6

Liturg: Ds Freddie Schoeman

By die Universiteit van Kalifornië (Berkley-kampus) is daar 'n baie interessante tradisie/gebruik. Op 'n plein in die middel van die kampus kan enige iemand gedurende middagete-uur 'n toespraak lewer waarin hy/sy sy/haar opinie kan lug. Die omstanders het dan die reg om hom/haar te hekel, te terg, vrae te vra ens.

By een geleentheid het 'n student met 'n plakaat met die woorde: "Silent Protest" daar opgedaag en vir die volle uur daar gesit terwyl hy hierdie plakaat vashou. Aan die einde van die uur het iemand hom gevra: "Nou waarteen protesteer jy?"

"Teen geraas", was sy antwoord.

Ek voel ook lus om van tyd tot tyd te protesteer teen geraas. Desember is 'n baie raserige maand. Kasregisters wat lui, onsinnige liedjies wat oor winkelsentrumluidsprekers blêr ('Tis the season to be jolly ..."; Jingle bells ..." ens.), mense wat hulle ongeduld op mekaar en op winkelassistente uithaal en wat met toeters en skeltaal hulle frustrasie te kenne gee.

Die wêreld het Adventstyd gekaap en daarvan 'n "Krismistyd" gemaak.

Adventstyd is veronderstel om 'n stil tyd te wees ... 'n tyd om stil te word en te luister ... te luister na die stem van een wat roep in die woestyn en die boodskap van God se verlossing kom aankondig.

God wil die wêreld wat vasgevang is in die wurggreep van die sonde en die bose kom verlos. (Gr soterion = redding/heling) God wil die wêreld wat stukkend gebreek is deur die sonde en die bose kom heel en herstel.

Elke adventstyd moet die kerk weer stil word om <u>hierdie</u> boodskap weer opnuut te hoor sodat vars in ons gemoedere is - want dit is die booskap wat die kerk ook moet uitdra en uit-leef na die wêreld toe.

Dit is belangrik om te besef dat hierdie boodskap nie wêreldvreemd is nie. Dit is nie 'n boodskap wat net bedoel is vir eendag nie - 'n 'pie in the sky when you die, bye and bye'. Dit is 'n boodskap wat in elke tydvak relevant en aktueel is.

Daarom doen die skrywer van hierdie evangelie moeite om presies aan te dui teen watter historiese agtergrond die woorde van Johannes die Doper verstaan moet word. "In die vyftiende regerinsjaar van keiser Tiberius toe Pontius Pilatus goewerneur in Judea was ..." (Luk 3:1 e.v.)

Die tyd waarin Johannes die Doper opgetree het was nie 'n baie 'vars' tyd nie. Keiser Tiberius was nie 'n gewilde of gerespekteerde leier nie. Hy het sy magsbasis verstewig deur sy politieke opponente in skynverhore aan hoogverraad skuldig te laat bevind en tereg te stel. Pontius Pilatus het sy Romeinse base verkul en die Joodse bevolking gruwelik onderdruk. Herodus, 'n Idumeër,

het die Joodse geloof vir politieke gewin aangeneem. Terwyl het die Joodse geloof ondersteun het, het hy ook afgodstempels laat bou.

Dit was dus 'n tyd van morele verval, politiek korrupsie en geweld. Klink dit bekend? In die tweede regereringsjaar van pres Thabo Mbeki, terwyl Mnr Shilowa premier van Gauteng is en Mnr Morkel premier van die Wes-Kaap is, gaan dit nie veel beter nie.

Dit is hierdie omstandighede dat die kerk die verantwoordelikheid het om die boodskap van God se verlossing te verkondig. Dit is 'n boodskap van hoop en redding. Die kerk is, benewens liefde, hoop aan die wêreld verskuldig. Volgende jaar is die Jaar van Hoop in die NG Kerk. Gedurende hierdie jaar wil ons vir die land waarin ons leef 'n positiewe boodskap van hoop in woord en in daad uitdra.

Maar ons kan dit slegs doen as ons in hierdie Adventstyd stil word ... stil genoeg sodat ons die boodskap helder kan hoor ... en sodat hierdie boodskap 'n vlam van hoop in ons eie harte kan aansteek. Slegs dan sal ons ander mense dit ook by ons kan aansteek.

Amen